

# Quo Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

NR. 136

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

ISSN 0033-6637



## Die Huwelik: 'n Gawe van God

## **Die huwelik as 'n gawe van God**

Die huwelik dra 'n groot wonder in hom om. Een-saamheid word twee-saamheid. En hierdie twee-saamheid is gegee teen alle willekeur in, en moet stand hou teen elke argument wat aangevoer word soos byvoorbeeld dat die huwelik byderwets is of dat 'n mens maar kan wegbreek net wanneer dit jou pas!

Stel dit só: getroud wees is saam-wees en saam-wees is trou-wees. Hierdie saam-wees en trou-wees, die wese van die huwelik, het die Here self as oorsprong. Hy gee dit as 'n gawe waarin die een die ander een tot hulp moet wees en waarin beide voortdurend herinner moet word aan Christus se verhouding met sy bruid, die kerk.

### **'N GAWE TOT HULP VIR MEKAAR**

God het gesien dat die mens, ten spyte van sy heerskappy oor die tuin en die diere, tog van sy eerste oomblik af 'n hulpbehoewende wese was. Hoe verruklik die mens se omgang met die verskeidenheid van diere ookal was, en hoe boeiend interessant die vaslegging van hul wese in die name wat hy moes vind, was daar geen egte ontmoeting en egte gemeenskap nie. Dit het die eerste maal te voorskyn gekom toe Eva in al haar skoonheid voor die mens gestaan het. Tóé, vir die eerste maal was daar vir hom 'n hulp, iemand vir wie hy méér kon beteken as net om haar 'n naam te gee. Iemand in wie hy iets van homself teruggevind het, want anders as die diere was sy uit hom geneem. En die wyse waarop sy uit hom geneem is, het terselfdertyd ook haar plek ten opsigte van hom aangetoon. Nie uit sy voete, sy hande of uit sy hoof is sy geneem nie, maar uit sy sykant. So is sy nie onder hom of bo of selfs agter hom gestel nie. Maar sy is langs hom geplaas, as 'n hulp wat by hom pas.

### **'N GAWE VAN CHRISTUS SE VERHOUDING MET SY BRUID.**

Die beste hulp wat getroude mense aan mekaar kan gee is om mekaar te help om nader aan God te leef. Daar is geen groter alleenheid as om sonder God te leef nie.

Die huwelik wat dus 'n voortdurende herinnering is aan Christus se saamwees met en trouwees aan Sy gemeente, is 'n onbreekbare band, 'n verbond.

Maar die huwelik wat gebou is op liefde, sonder trou, is by voorbaat 'n gebroke huwelik, omdat trou aan die huwelik sy duurte en standvastigheid gee. 'n Mens kan dus begryp dat God slegs een oorsaak vir die verbreking daarvan verdra, naamlik ontrou. Ontrou in die sin van owerspelspel is 'n growwe, onverbloemde teken daarvan dat die mens van God af weg hoereer het. Daarom haat God alles wat hierdie trou bedreig, selfs al lyk dit hoe onskuldig.

Onkuisheid kan selfs in gebare, woorde en gedagtes voorkom. (Daardie gelade oorfriendedikheid, die skelm-strelende blik, die sensuele grap waarmee op iemand anders as die eie huweliksgenoot gesinspeel word.)

Dus mag 'n huwelik alleen op grond van huweliksontrou, in die sin van owerspelspel, ontbind word — en selfs dan is dit nog nie 'n moet nie. Selfs sulke verregeaande ontrou kan in bepaalde omstandighede eintlik 'n beroep op die huweliksgenoot se vergewensgesindheid wees, want die trou van die huwelik, selfs 'n geskonde trou, reik diep. Dit is immers die simbool van die ewige trouverbond tussen God en Sy volk, tussen Christus en Sy gemeente.

Soos God Sy volk gekies het en aan hulle getrou gebly het, ten spyte van die talle oortredinge wat Hy hulle telkens maar weer moes vergewe, só sal die man en vrou, as hulle eenmaal gekies het, aan mekaar getrou moet bly. Selfs al beteken dit ook dat die een die

ander dikwels sal moet vergewe. Die kosbaarheid van hierdie gawe maak die offer van vergifnis honderdmaal die moeite werd.

Neels Smit.

## **Huweliksprobleme is die gevolg van die sonde**

### **Is verskillende geaardhede noodwendig botsende geaardhede?**

Nee, verskillende geaardhede kan ook aanvullend wees. 'n Sosiale vrou kan haar asosiale man aanvul en die asosiale man die sosiale vrou.

### **Wanneer word die geaardhede van 'n man en sy vrou botsende geaardhede?**

Wanneer die sonde daarin voortwoeker. So kan gelyke geaardhede ook botsende geaardhede word.

### **Wat is sonde?**

Sonde is die oortreding van God se wet uit liefdeloosheid teenoor Hom. Uiteindelik resulteer liefdeloosheid teenoor God ook in liefdeloosheid teenoor jou naaste.

### **Byvoorbeeld Adam en Eva:**

Nadat hulle uit liefdeloosheid teenoor God gesondig het, het daar 'n verwydering tussen hulle gekom. Hulle het skaam geword vir mekaar. (Gen. 3:7).

So lees ons ook in Fil. 2 :4: "Julle moet nie elkeen na sy eie belang omsien nie, maar elkeen ook na die ander s'n."

Wanneer man en vrou teen God se wil, elkeen net na sy eie belang omsien, sal dit so in 'n huwelik gaan: Die sosiale vrou neem haar man se behoefte om by die huis te bly nie in ag nie en eis van hom dat hy heeldag uithuisig moet wees. Die man wat lief is om by die huis te bly, neem sy vrou se behoefte om te gaan kuier nie in ag nie en verwag dat sy altyd by die huis moet bly. Wanneer hierdie sonde van elkeen-sien-net-na-sy-eie-belang-om voortduur, kan dit ernstige huweliksprobleme veroorsaak.

Christus het ook na ons belang omgesien en in ons plek gesterf. Daardie selfde liefde eis Hy nou van ons. As ons dit nie gee nie, doen ons sonde. (Fil. 2:5-8)

### **Kyk ook Gal. 5 :19 - 21 en 22:**

In hierdie twee gedeeltes kontrasteer Paulus die werke van die vlees en die vrug van die Gees.

### **Wat is werke van die vlees?**

Dit is werke wat jy doen onder die slagspreuk: "Ek maak soos ek wil." Dit is werke wat opkom uit 'n hart wat los van God is.

Neem maar die eerste groepie woorde in Gal. 5:19: "owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid." Hierdie woorde dui op seksuele remmeloosheid binne en buite die huwelik. Mense woeker hier voort onder die vaandel van "vrye liefde". Gou is dit duidelik dat

daar niks van vryheid in hierdie beoefening van die seksuele sit nie. Jou huwelik word verwoes, jou kinders vervreem en almal ly daaronder. Dit gaan gepaard met rusie en wantroue. Jy sit agter die tralies van jou eie drifte en drange en doen naderhand nie meer net wat jy wil nie. (Gal. 5:17)

Dieselfde geld vir die volgende woorde in vers 20: “vyandskap, twis, jaloesie, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap, afguns, moord.” Hierdie woorde praat van skeefgetrekte menseverhoudinge. Sommige mense leef voortdurend in vyandskap. Hulle kry 'n loopgraafmentaliteit deur altyd op die loer te wees na foute wat 'n ander persoon maak. Twis en hewige botsings is aan die orde van die dag. Jaloesie, omdat jy 'n ander nie gun wat hom regtens toekom nie. Die uiterste waartoe sommige mense gaan is moord — iets wat glad nie vreemd in ons koerante is nie.

Werke van die vlees is werke wat die mens voortbring wanneer hy in diens van sy eie bose hart is. Hy is onder die dwangbevel van sy eie bose hart. Dit verwoes die lewe en verslaaf die mens. Alle vereistes vir 'n gelukkige huwelik is by voorbaat afgesny.

**Stel nou hierteenoor Gal. 5:22. “Die vrug van die Gees is liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.”** Oordink elkeen van hierdie woorde en u sal sien dat hulle onmiskenbare boustene is vir 'n gelukkige huwelik. Boustene wat dikwels verweer word deur die erosie van die sonde, maar vrug is van die Heilige Gees. Hulle kom alleen voor wanneer jy onder die **opperbevel van Christus en die Heilige Gees lewe.**

C. Hattingh (jnr.)

## Mnr. en Mev. van-plan-om-te-skei ek praat met u!!

Dit is jammer, liewe leser, dat ons mekaar nie persoonlik ken nie. Dan is dit soveel makliker om te praat; veral oor die baie teer en hartseer saak van egskeiding. Ek het u met die opskrif nadergeroep vir 'n gesprek oor egskeiding. Dit is goed om oor die saak te praat as jyself daarmee worstel.

### SOOS KOFFIE EN BESKUIT

Egskeiding is in ons tyd so gewoon soos koffie en beskuit by ons oggendkoffie in die môre. Egskeidingshowe werk weekliks so seepglad asof hulle geprogrammeer is deur 'n komper terwyl koerante oor egskeidings rapporteer asof dit maar die volgende hoofstuk is van die nuwe vervolghverhaal. Miskien hang die swaard van 'n dreigende egskeiding ook oor u hoof. Dán vind 'n mens die gemak waarmee die wêreld met hierdié saak omgaan, nie so gemoedelik nie. As jyself deel vorm van die egskeidingstatistiek van ons tyd, sny dit baie diep in u hart en lewe. U voel dit dalk nou self. U word ook nou dalk deel van daardie

vat en trou .....  
trou en skei .....  
om maar WÉÉR te  
vat en trou ..... te  
trou en skei — patroon van ons tyd.

U kan self voel dat iets in hierdie saak nie reg is nie. Die hele saak van egskeiding word nou 'n meule waarin die mens gemaal en soms verbrysel word. Waarom? Wat sal die rede wees? Die antwoord is voor-die-hand-liggend ... omdat dit nie 'n natuurlike situasie is nie. Wanneer iets geskei word wat bymekaar hoort, bring dit seer, hartseer en pyn. Die rede daarvoor is dat iets van mekaar geskei word, wat na regte bymekaar hoort.

## **JOU MOOI ROK OF TROTSE GEELHOUTTAFELTJIE**

Dink maar aan die volgende twee voorbeelde uit die daaglikse lewe:

- Indien u, mevrou, volgens 'n praktiese, nuwe, moderne patroon, 'n rok geknip het uit duursame materiaal, en u het die rok aanmekaar gewerk, sal u tog nie toelaat dat iemand met oliebesmeerde hande dit weer lostorring nie. Al wat oorbly is tien stukke vuilgesmeerde lappe op 'n bondel.
- Of u, meneer, wanneer u met groot sorg uit pragtige geelhout 'n tafeltjie gesaag en geskaaf het, met verskuilde tappe en uitgekerfde motiewe, gaan u tog nie toelaat dat iemand met 'n byl kom en hierdie tafeltjie van u aan skerwe kap nie. Want al wat gaan oorbly gaan 'n klompie geelhoutsplinters wees waarmee jy niks kan maak nie.

Die rok se verskillende pante moet netjies aanmekaar gewerk wees om 'n rok te wees, en die onderdele van die tafeltjie moet styf inmekaar pas en so gehou word om 'n tafeltjie te wees.

## **GOD SE SKEPPINGSPATROON**

Hierdie selfde dinge sê die Here nou van jou huwelik wat jy uitmekaar wil haal. Die eenheid van jou huwelik wil jy nou lostorring en die netjiese tappe wat jou huwelik bind en die patrone wat dit versier wil jy nou stukkendslaan.

God het immers een man en een vrou geskape om in die huwelik bymekaar te pas as 'n eenheid. Volgens Sy patroon het die Hére die eenheid van die huwelik geweef en geknip en gesaag en gepas (Gen. 1:27, Gen. 2:18-24).

## **MNR. & MEV. VAN -PLAN-OM-TE-SKEI... DINK WEER GOED NA OOR U PLANNE**

'n Man en vrou trou met mekaar, om op bevel van die Here, een vlees te wees (Gen. 2:24). Onthou u nog die woorde van die huweliksformulier die dag toe u getroud is? En wat God saamgevoeg het (soos daardie rok van u, mevrou, of u geelhouttafeltjie, meneer) mag géén mens skei nie (Matt. 19:6).

## **HOU U HANDE AF**

Voordat u tot die finale daad van egskeiding oorgaan ... voordat u, u huweliksbande lostorring ... voordat u, u huwelikskuitjie aan skerwe kap ... gaan raadpleeg eers u predikant, of enige dominee wat u ken. Wat God saamgevoeg het wil u nou breek en verrinneweer. (Ef. 5:31). Onthou, die huwelik van 'n man en vrou is meer as net twee mense; saam is man en vrou die portret van God se liefdesverhouding met die mens (Ef. 5:32). Apart, is u die portret van die sonde (Matt. 19:7-9). Saam is die onderdele van die geelhouttafeltjie 'n pragstuk, aan skerwe gekap is dit vuurmaakhout; aanmekaar gewerk is die pante van u rok 'n pronkstuk, apart is dit stofflappe vir oliehande!!

## **SIT WEER KOPPE BYMEKAAR**

Liewe, vriend en vriendin, voordat julle jul skeibrief oopmaak, dit lees en onderteken, maak eers die Bybel van die Here oop en lees wat God in hierdie verband, beveel! Lees hierdie paar kort stukkies en dink weer na oor u huwelik: Efesiërs 5:22-33; Johannes 2:1-12; 1 Korintiërs 13; 1 Tessalonisense 4:1-12; Hebreërs 13:4. Baie van dit wat in hierdie Skrifgedeeltes staan sal vir jou nie onmiddellik duidelik wees nie. Soek die dominee op om jou te help. Bid self ook, baie!

Nico van der Merwe.

## **God is getuie . . .**

As 'n huwelik voltrek word moet daar getuies wees.

In die vrae van die Formulier word aan die paartjie gevra: "Verklaar u voor almal hier teenwoordig ..."

Ná die huwelik moet twee getuies teken dat die huwelik wettig gesluit is.

Al is hierdie getuies egter hoe betroubaar, kan hulle nie in die hart van die paartjie inkyk om vas te stel of die "Ja" van die bruidspaar werklik eg is nie.

Nee, by elke huwelik is daar 'n dringende behoefte aan 'n Getuie wat die harte kan deurvors.

Daardie Getuie is God. Maleagi stel dit baie duidelik: "Omdat die Here getuie is tussen jou en die vrou van jou jeug aan wie jy ontrou geword het, terwyl sy tog jou metgesel is en die vrou van jou verbond." (2.14).

### **VAN DIE EENHEID VAN DIE HUWELIK**

Die Here kon vir Adam meer as een vrou geskape het. God het dit egter nie gedoen nie omdat man en vrou 'n eenheid moet vorm. Die eenheid word benadruk in die feit dat die vrou uit die ribbebeen van die man geneem is.

God is Getuie van die eenheid van julle huwelik. Daarom sê Hy tot tweemaal: "Wees nie ontrou aan mekaar nie." Waak teen die geringste sonde wat u verhouding kan seermaak.

### **TUSSEN JOU EN DIE VROU VAN JOU JEUG**

Die Liberalis sê: "ek neem wie ek wil en skei wanneer ek wil."

Maleagi sê dat dit God is wat man en vrou bymekaar bring. Liefde is 'n vlam van die Here (Hooglied 8:6). Dis die Gees van God wat die liefde wedersyds in albei harte laat ontvlam. God is Getuie dat die vrou van jou jeug vir jou die lieflike wildsbokkie en aanvallige steenbokkie is. Hoe durf jy haar dan verstoot?

### **DAT JOU VROU JOU METGESEL IS**

Vanweë die sonde in die Paradys is die vrou deur die eeue gruwelooslik verdruk. Sy is beskou as slavin van die man wat aan al sy grille en luste moes toegee. Moedswillig het hulle vergeet dat sy ook na die beeld van God geskape is.

Maleagi noem die vrou die metgesel van die man.

Ons Here Jesus Christus het die vrou van die vloek verlos en gelykwaardig naas die man gestel. In Efs. 5:22-33 word die verhouding tussen man en vrou met die verhouding tussen Christus en Sy Kerk op aarde vergelyk. Soos Christus sy Kerk op aarde liefhet, so moet man en vrou mekaar liefhê.

### **DAT DIT DIE VROU VAN JOU VERBOND IS**

Die verbond wat God met Abraham uit genade gesluit het (vgl. Genesis 15) is 'n ewige verbond, onverbreekbaar. Niteenstaande die sonde van die mens, hou God Sy verbond in stand.

Volgens Maleagi is die huwelik ook 'n verbond — 'n verbond tussen man en vrou waarvan God getuie is. Daarom is dit onverbreekbaar (Mattheus 19.6).

Hierdie huweliksverbond is 'n gawe van God aan die mens.

Maar dit bevat ook 'n sware eis, naamlik dat ons God bo alles moet liefhê. Dat ons mekaar as man en vrou vurig moet liefhê.

## **VERSTAAN U NOU?**

Verstaan u nou waarom egskeiding so 'n groot sonde is?

God sê by monde van die profeet Maleagi: "Ek haat egskeiding" (vs. 16).

"Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie" (Mattheus 19.6).

Wat moet 'n man en vrou dan doen wat mekaar in die huwelik nie kan vind nie? Moet hulle soos kat-en-hond vir die res van hulle lewe saamlewe?

Nee, hulle moet hulle bekeer. Hulle moet hulle toevlug neem tot Jesus Christus wat aan die kruishout van Golgota ook die smart en kruis van die huwelik gedra het.

## **TOT ALLES IN STAAT**

Maleagi — laaste boek van die Ou Testament — roep na Jesus Christus. En as die Christus, die Seun van God, kom — dan is Sy eerste wonderwerk nie die opwekking van dooies nie, maar by 'n bruilof, by 'n huwelik waar die grondslae van 'n gelukkige huisgesin gelê word.

Jesus verander water in wyn. Water, beeld van die alledaagse, word wyn, beeld van die feestelike. Ja, as Jesus in ons huwelikslewe teenwoordig is, maak Hy alles mooi... ook die eentonige van die alledaagse.

Paulus sê: "Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee." (Fil. 4.13).

Deur Jesus Christus — deur die krag van die Heilige Gees — kan ons saamleef totdat die dood ons skei.

Chris J. Malan

## **Kan ons huwelik nog gered word?**

Ja, dit kan, want by God is niks onmoontlik nie!

Maar daarmee het ek ook die enigste weg aangewys waarop herstel moontlik is, naamlik deur die genade van God en deur die krag van God.

Maar ek wil u dadelik waarsku: om 'n geskende huwelik wetties te probeer regdwing, is by voorbaat tot mislukking gedoem. 'n Stukkende huwelik word nie herstel met koue, klipharde eise soos: "Van nou af móét jy dit! Voortaan mág jy nie dat nie!" Dit sal die breuk wat daar gekom het, net vergroot.

Verstaan my goed: daar is baie beslis eise en verpligtinge waaraan man en vrou in die huwelik moet voldoen. Die Here self leer ons dit baie duidelik in Sy Woord. Wat ek egter hier wil beklemtoon, is dat u, u gekraakte huwelik nie gaan heelmaak deur daarmee te begin nie.

Nou vra u miskien: Maar waar moet ek dan begin?

By God se genade en by God se krag.

Eers by God se genade.

Om nou enige misverstand te voorkom, wil ek u vra: Kom ons veronderstel, Meneer, dat u onskuldig is, en dat u, Mevrouw, die skuldige is.

En dan, Meneer, wil ek eers met u gesels. En ons begin deur te praat oor God se genade.

Genade beteken vergewing, en vergewing beteken die herstel van verhoudings. Genade — dit is wat God in Christus aan ons skenk.

U het in u lewe ook al verskriklik swaar teen God gesondig. Deur u sondes het u Hom beledig, misken en Hom in die gesig geslaan; u het Hom geminag en geterg. Deur u sondes is die verhouding tussen u en Hom versteur. Daar het 'n breuk tussen u en Hom gekom. En as Hy u moes straf na u verdienste, sou daar op u niks anders gewag het as die ewige straf van die hel nie.

Maar wat het God toe gedoen?

In sy onbegrensde liefde het Hy Sy eie Seun gestuur, Hom aan die kruis laat spyker, al u sondes geneem en dit op Hom geplaas. En Christus het dit gedra. Hy het daarvoor betaal. So het die Here Jesus ook vir u vergewing van sondes bewerk. So het Hy die verhouding tussen u en God weer herstel.

Dit is 'n geskenk, 'n weldaad wat onbeskryflik groot is. En Hy gee dit alles gratis en verniet aan u! En nou verwag Hy van u dat u dié weldaad sal aanneem en dat dit vir u so 'n lewende werklikheid moet wees dat u bereid sal wees om hulle wat teenoor u oortree het, ook van harte te vergewe. Die Here sê dit duidelik in Sy Woord: "Verdra mekaar en vergewe mekaar as die een teen die ander 'n klag het; soos Christus julle vergeef het, so moet julle ook doen" (Kol. 3:13).

Dit, Meneer, eis die Here nou ook van u.

Ek weet dis nie maklik nie. Om na alles wat gebeur het sommer net te sê: Ek vergewe jou, en dit ook werklik te bedoel — dis baie gevra.

Ek weet dit.

Maar dit is wat die Here, wat al u sondes om Christus ontwil vergewe het, nou ook van u vra. Dis boonop die enigste weg waarop u huwelik nog gered kan word.

En as u die saak werklik in gebed, in geloof en vertrouwe op God aanpak, dan sal Hy aan u ook die krag gee om dit te kan doen. Daarom het ek hierbo nie net melding gemaak van God se genade nie maar ook van God se krag.

In Jes. 40:31 word tog duidelik gesê: "**Die wat op die Here wag, kry nuwe krag**". Die Here sal aan u die krag gee om, in die lig van Christus se woorde aan die ontugtige vrou (Joh. 8), ook aan u vrou te kan sê: My vrou, ek beskuldig jou ook nie. Kom terug na my toe en sondig nie meer nie.

En nou, Mevrouw, 'n woordjie aan u.



U het oortree.

En as u, u huwelik wil red, moenie u sondes probeer wegsteek nie. Bely dit — eerstens voor God, maar ook teenoor u man. En as u dit doen met WERKLIKE berou in u hart en met 'n eerlike gemoed, dan sal u vergewing van sondes ontvang — by die God van genade in elk geval, en ook by u man as hy handel in die Gees van Jesus Christus.

**Vanselfsprekend beteken dit dat u direk en beslis met u sonde moet breek. U moet 'n nuwe lewe begin volgens die woord van Christus: "Gaan heen en sondig nie meer nie".**

En ook vir u sal dit miskien baie moeilik wees. Daar is daardie gevoel — is dit liefde? — vir 'n ander persoon wat u sal moet afsterf. U sal alles in die stryd moet werp, nie alleen om versoekings te weerstaan nie, maar ook om die liefde en vertroue van u man terug te wen.

Dit sal 'n opdraande stryd wees. Dit sal baie selfverloëning van u vra.

Maar ook aan u wil ek die versekering gee dat u dit deur die genade en krag van die Here tog inderdaad **sal kan doen**. Ook in hierdie verband kan u sê: "**Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee**" (Fil. 4:13).

Meneer, Mevrouw, u wankelrige huwelik kan nog gered word — deur te leef uit die genade van God en die krag van God. Maar dan moet beide van u van nou af baie naby aan die Here lewe.

P. J. de Bruyn.

## **Blywende vreugde in die huwelik**

U soek na blywende vreugde in u huwelik.

U sal dit alleen vind as Christus werklik in u huwelik teenwoordig is en daarin teenwoordig bly. Anders gestel: u huwelik moet 'n spieëlbeeld wees van die verhouding tussen Christus en sy gemeente — wat in die Bybel ook as 'n huweliksverhouding voorgestel word.

Paulus skryf aan die Efesiërs: "Manne, julle moet julle eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het om dit te heilig ..." En van die eensaamheid van man en vrou in die huwelik sê hy: "Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente" (Ef. 5:25, 26, 32);

Dit beteken dat u huwelik daagliks gekenmerk moet word deur opofferende liefde vir mekaar, vergewensgesindheid, selfverloëning, berou en skuldbelydenis as iets gedoen is wat nie reg is nie.

Om meer konkreet te wees, wil ek pertinent die aandag vestig op enkele sake wat vir blywende vreugde in u huwelik absoluut noodsaaklik is.

### **1. Lewe met God**

Dit is die vernaamste. As man en vrou werklik met God lewe en voortdurend hulle hulp en krag in die gebed by Hom soek, sal hulle daarin die magtigste steunpilaar vind om die liefde steeds te laat groei en dit te bewaar teen afstomping. Hulle sal ervaar hoedat God hulle te midde van smarte, krisisse en teleurstellings in hulle huwelik sal ondersteun, bewaar en lei, want "die Here sal sy gunsgenote nie verlaat nie" (Ps. 37:28).

So 'n lewe met God sal man en vrou noodwendig daartoe bring om hulle liefde teenoor mekaar steeds te gaan toets aan die maatstaf van die hele Woord van God, maar dan veral aan die volgende treffende woorde uit 1 Kor. 13: "Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie, handel nie onweloweglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles".

## **2. Wees metgeselle vir mekaar**

In Mal. 2:14 word die mans verwyet omdat hulle nie meer "metgeselle" vir hulle vrouens is nie.

Wat word met metgesel in hierdie verband bedoel? "Dit is iemand wat saam met jou die pad loop. Dit vereis meelewing, 'n gesamentlike belewenis van alles wat op die pad voorkom. Metgeselle is mekaar tot hulp en steun. Dit beteken dat God van man en vrou in die huwelik vereis om nie elkeen hul eie koers, 'n eie pad te loop nie, en nie op twee lewenspaaië te beweeg wat mekaar net soms op een punt raak nie. Metgeselle moet saam met mekaar op een pad wandel. (J. J. van der Walt).

As metgeselle moet hulle tyd maak vir mekaar, tyd om aandag te gee aan die laste, vreugde of verdriet wat die ander ervaar en mekaar daarin te ondersteun.

As metgeselle moet hulle begrip hê vir mekaar se gevoelens en toon dat hulle dit ook steeds in ag wil neem.

## **3. Offer vir mekaar**

Besiel deur die aangrypende betekenis van Christus se offer vir ons, moet ons bereid wees om vir mekaar te offer en op te offer. Sodoende sal ek my man of vrou daadwerklik laat voel wat dit beteken om 'n huweliksmaat te hê met soveel opofferende liefde. Dit wek waardering en dankbaarheid wat altyd met egte liefde gepaard gaan. Bowendien, 'n offer wat in liefde gebring word, sal nooit te swaar wees nie.

Die woorde van Christus: "En elkeen wat van jou een myl afdwing, stap met hom twee myl saam" (Matt. 5:41), kry hier 'n besondere betekenis. Dit beteken dat wanneer man en vrou verplig is om vir mekaar op te offer, hulle nie slegs die noodsaaklike minimum moet doen wat hulle werklik aan mekaar verskuldig is nie, maar meer, baie meer moet doen. So 'n optrede sal ongetwyfeld daartoe bydra om 'n kwynende liefdesvlam weer hoog te laat brand.

## **4. Vergewensgesindheid**

Sonder vergewensgesindheid is 'n huwelik van twee sondige mense wat boonop op 'n sondige aarde lewe, nie moontlik nie. Daarom moet man en vrou vashou aan die woorde van Paulus as hy sê: "Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God in Christus ook julle vergeef het" (Ef. 4:3).

Uit dit alles kan u duidelik sien dat as Christus werklik in u huwelik teenwoordig is, blywende vreugde daarin nie net 'n vae moontlikheid is nie, maar 'n konkrete werklikheid kan word.

P. J. de Bruyn.